

Pinkster 2016

Christus kom herstel ons menswaardigheid



In aansluiting by die NG Kerkfamilie se Seisoen van Menswaardigheid wat tans op dreef kom, dink ons met vanjaar se Pinksterreeks as kerkfamilie saam daarvoor dat die Here alle mense na sy beeld geskape het en dat Jesus sy kerk in ons tyd opnuut van dié waarheid bewus maak. As dissipels van Jesus hoor ons die waarheid van God se Woord en wil gehoorsaam reageer as sy gestuurdes om na die gebroke wêreld uit te reik met die boodskap dat Christus ons menswaardigheid kom herstel het.

Die reeks beklemtoon die oortuiging dat menswaardigheid setel in God se skeppingswerk en dat Christus die sondige verwringing van menslike waarde voor God kom herstel het. Sondige ideologiese uitgangspunte en praktyke het in ons tyd onmenslike afmetings aangeneem, wat daartoe lei dat ons ander mense behandel asof die ander nie deel is van God se volmaakte skeppingswerk nie.

In aansluiting by die doel van die Seisoen van Menswaardigheid wil hierdie reeks oordenkings in die Pinkster van 2016 deur die kragtige werking van die Heilige Gees, 'n getuienis lewer en almal oproep tot die herstel van menswaardigheid in Suider-Afrika. Ons sluit ook aan by die Wêreld Raad van Kerke se program vir menswaardigheid, om daarmee die NG Kerkfamilie se eenheid met die ekumeniese kerk oor die wêreld heen te erken.

Die reeks bou op die vier waardes van die Seisoen van Menswaardigheid, naamlik: respek, luister, liefhê en omarm. Daar word twee bydraes vir elke waarde voorsien en as afsonderlike oordenkings hanteer. Die plaaslike omstandighede en gebruike rondom die lengte van die Pinksterreeks in gemeentes sal aanwending bepaal. Elke oordenking oor een van die vier waardes (2-9) sluit aan by 'n eie Skrifdeel wat aan die onderskeie oordenkings 'n unieke perspektief bied. Die eerste oordenking dien as inleiding tot die reeks, terwyl die tiende oordenking fokus op Pinksterfees en die uitstorting van die Heilige Gees. Die oorhoofse tema is: *Christus kom herstel ons menswaardigheid*, terwyl die

oordenkings onder die volgende opskrifte aangebied word. Vir identifikasie word die name van die skrywers ook genoem:

Oordenking 1: Jakobus 2:1-13. Dawid Kuyler.

Moenie iemand op die uiterlike beoordeel nie.

Oordenking 2: Lukas 6:6-11. Nina Muller van Velden.

Respek, ja, maar watter soort?

Oordenking 3: Lukas 7:24-30. Ntozakhe Simon Cezula.

Respek is 'n belangrike aspek van redding.

Oordenking 4: Markus 9:14-29. Janine Williams.

Om te luister: gebed as 'n gesprek met God.

Oordenking 5: Markus 5:21-43. Annes Nel.

Luister mooi sodat mense Jesus kan vertrou.

Oordenking 6: Lukas 7:36-50. Derik Myburgh.

Liefhê.

Oordenking 7: Johannes 21:15-19. David Carelse.

Liefde maak heel, gee hoop en plaas ons terug in die amp.

Oordenking 8: Matteus 8:1-4, Markus 1:40-45 & Lukas 5:12-14. Dawid Mouton.

Omarmende omgee.

Oordenking 9: Matteus 9:18-26. Dewald Niemandt.

Omarming – ter wille van lewe, herstel en heelmaak van mense.

Oordenking 10: Handeling 2:1-11. Henco van der Westhuizen.

Pinksterfees: Die Gees van Christus maak ons 'n nuwe, menswaardige gemeenskap.

Ons het groot waardering vir al ons medewerkers wat saamgewerk het om die oordenkings beskikbaar te maak. Daar is die tien skrywers: Dawid Kuyler, Nina Muller van Velden, Ntozakhe Simon Cezula, Janine Williams, Annes Nel, Derik Myburgh, David Carelse, Dawid Mouton, Dewald Niemandt en Henco van der Westhuizen. Daar is ook mense wat gehelp het met vertaling van Afrikaans na Engels, of omgekeerd. Baie dankie aan Johan Botha, Derik en Margie Myburgh, Marinda Cilliers en Annes Nel in hierdie verband. Amanda Carstens van CLF het baie gehelp om die reeks elektronies gereed te kry. Nogmaals dankie aan almal.

Mag Pinkster in julle gemeente geseënd wees en mag die Heilige Gees ons help om voortaan teenoor alle mense menswaardig op te tree in navolging van ons Here en Leidsman, Jesus Christus.

Eddie Orsmond, Donald Gantana, Gideon van der Watt en Dawid Kuyler (namens die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis & Die Seisoen vir Menswaardigheid).

Dag 1: Moenie iemand op die uiterlike beoordeel nie

Jakobus 2:1-9

1. Fokus en motivering

Jakobus 2:9 dien as fokusteks vir dié oordenking: *Maar as julle die mense na die uiterlike beoordeel, doen julle sonde en veroordeel die wet van God julle as oortreders* (1983-vertaling).

In die eenheids gesprekke tussen lede van die NG Kerkfamilie sedert 2008, het die gespreksgenote tot die konsensus gekom dat 'n verwronge mensbeskouing (antropologie) die oorsaak was vir die historiese ontwikkeling van 'n samelewing wat tans nog deur diskriminasie op rassegrondslag gekenmerk word. Alhoewel persone uit die inheemse bevolking aan die begin van die kerklike lewe in Suid-Afrika deur die doop deel geword het van die gemeente en samelewing, is daar toenemend teen mense op grond van hul voorkoms en herkoms gediskrimineer. Mense is nie meer menswaardig hanteer nie.

Diskriminasie en miskenning van almal se menswaardigheid is nie 'n nuwe saak in die kerk nie. Lank gelede moes Jakobus die gemeente aanspreek dat hulle mense ongeag hulle voorkoms of stand, gelykwaardig moet behandel. Jakobus skryf: *Jy moet jou naaste liefhê soos jouself* (2:8, 1983-vertaling), Ons moet ons naaste (mekaar) met liefde behandel.

2. Ons moet anders wees

Uit Jakobus se brief is dit duidelik dat ten minste die volgelinge van Jesus, nie soos die samelewing moet optree teen mense nie. Ons behoort weliswaar almal aan groeperinge of verbande in die samelewing. Waar jy woon, waar jy skoolgaan, waar jy werk, waar jy kerk toe gaan het alles 'n invloed op hoe jy na mense kyk wat nie deel is van jóú groep nie. Ons moet maar erken dat ons deur die samelewing gekondisioneer word oor hoe ons teenoor ander optree. Ons word nie so gebore nie. Ons ouers en familie maak ons so groot, ons vriende beïnvloed ons, ons sosiale en finansiële status beïnvloed ons. Soms is ons nie eers bewus van ons meerderwaardige houding en gedrag teenoor ander nie.

Jakobus wou sy lesers help onthou hulle is Jesus gelowiges: *My broers [en susters / geliefdes], julle wat glo in ons Here Jesus Christus, die Here aan wie die heerlijkheid behoort, moet mense nie volgens hulle uiterlike beoordeel nie* (Jak 2:1, 1983-vertaling).

Wie in Jesus Christus as Here glo, erken daarmee dat Hy alle gesag oor ons het. Hy is die Here van die heerlijkheid. As Bybel gelowiges aanvaar ons alle mense is deur God geskape. In Genesis 1:27

staan geskrywe: *God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep* (1983-vertaling). As mense is ons met 'n bepaalde status en opdrag geskep. Ons verteenwoordig God hier op aarde. My en jou houding en gedrag teenoor ander mense, moet deur dié God-gegewe status bepaal word. Te dikwels hanteer ons mense volgens die status wat ons en die samelewing aan mense gee.

Ons land het 'n hartseer geskiedenis van mense wat “*glo in ons Here Jesus Christus, die Here aan wie die heerlikheid behoort*”, maar teen mense diskrimineer op grond van hulle uiterlike. Rasse diskriminasie het so lank terug as 1857 in die kerk daartoe gelei dat gelowiges van Europese en inheemse afkoms nie meer saam aan die Here se tafel kon sit nie. In 1881 is daar selfs 'n afsonderlike kerk gestig vir gelowiges van inheemse afkoms. In 1948 het die destydse regering dié kerklike standpunt oorgeneem en apartheid as landswet gesanksioneer. Die meerderheid mense in Suid-Afrika is gevolglik ontnem van menswaardige behandeling, bloot op grond van hulle uiterlike voorkoms. Die grootste deel van die mense van ons land kon nie meer besluit waar hulle wil woon of werk nie. Hulle kon nie meer besluit met wie hulle wil assosieer en met wie hulle wil trou nie. 'n Minderheid van mense het vir almal besluit wie hulle is en wat hulle waarde(on-waarde) binne hierdie gemeenskap sal wees.

3. En nou daag die Woord van God ons uit...

Vandag, na meer as 20 jaar van demokrasie en 'n goeie grondwet met 'n moderne handves van menseregte, sukkel ons steeds dat mense mekaar menswaardig moet behandel. Wette gaan dit nie regkry om ons houdings en praktyke te verander nie. As gelowiges wat “*glo in ons Here Jesus Christus, die Here aan wie die heerlikheid behoort*”, moet ons 'n verskil maak.

As NG Kerkfamilie het ons besluit om 'n Seisoen van Menswaardigheid te begin om iets te doen wat mense kan help om weer menswaardig te leef en ander menswaardig te behandel. Ons het diep nagedink oor die eise van die evangelie en navolging van Jesus in ons land. Die omvang en vlak waarop mense se Godgegewe menswaardigheid misken word, staan in skrilte kontras met die eise van die evangelie. Ons wil nou saam getuig met 'n lewenshouding waarin vier waardes ons gedrag rig: **respek, luister, omarming en liefde**. Ons is oortuig dat die beoefening van hierdie waardes nuwe gewoontes van menswaardigheid kan laat ontstaan. Hierdie Seisoen sal oor jare strek en aanhou totdat die Here ons anders lei. Ons hoop om later ook ander kerke te betrek en 'n nasionale beweging vanuit die kerk aan die gang te sit. Ons doel is om te getuig van die nuwe lewe in Christus waarin die waarde wat God aan elke mens gee, verseker word.

Die Seisoen van Menswaardigheid is nie 'n program met 10 stappe nie. Dit is 'n proses waarby ons mense wil betrek om mekaar te help om in God en in mekaar se teenwoordigheid mekaar se stories te hoor. Stories van seer, toe mense ervaar het hulle menswaardigheid word misken, en stories van hoop, toe hulle weer hulle menswaardigheid ontdek het. Dit is 'n wonderlike ontdekkingsreis om almal weer gesond en heel te kan word.

Die Seisoen is 'n ruimte waarbinne nadenke en dialoog oor menswaardigheid bevorder word. Daar is baie kwessies waaraan ons aandag moet gee. Vir nou het ons eers net agt temas geïdentifiseer vir diep nadenke en fokus: geslag, seksualiteit, rassisme, armoede, gestremdheid, gesondheid, ekologie en onderwys en opleiding.

4. Ons nooi mekaar uit om saam te gaan

As gelowiges wat *“glo in ons Here Jesus Christus, die Here aan wie die heerlikheid behoort”*, nooi ons mense uit om dit waarvan Jakobus skrywe waar te maak in ons gemeentes en samelewing.

In hierdie Pinkstertyd wil ons in gehoorsaamheid luister na wat God sê en saam soek en doen om vanuit die geloof te leef en heling te bring vir ons samelewing. Kom ons kyk elke aand in Pinkster na 'n ander aspek van menswaardigheid en hoe om menswaardig te lewe.

Vers 8. *As julle werklik die wet van die koninkryk van God onderhou soos dit in die Skrif staan: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself,” dan doen julle reg.*

Vers 9. *Maar as julle die mense na die uiterlike beoordeel, doen julle sonde en veroordeel die wet van God julle as oortreders.*

5. Gebedstemas

Voordat ons bid, laat ons mekaar vertel van:

Insidente waar jy gevoel het jy is nie menswaardig behandel nie (in die huis, familie, skool, werk);

Insidente waar jy self nie ander mense menswaardig behandel het nie.

Laat ons nou bid en:

Die kere wat ons ander nie menswaardig behandel het nie, bely;

Mense aan die Here opdra wat elke dag beleef dat hulle nie menswaardig behandel word nie.

Dag 2: Respek, ja, maar watter soort?

Lukas 7:24-30

1. Daar was 'n man met 'n gebrekkige regterhand

“Op 'n ander sabbatdag het Jesus weer in die sinagoge ingegaan en die mense geleer. Daar was 'n man met 'n gebrekkige regterhand. Die skrifgeleerdes en die Fariseërs het vir Jesus dopgehou om te sien of Hy op die sabbatdag iemand sou gesond maak sodat hulle 'n aanklag teen Hom kon kry. Maar Hy het hulle gedagtes geken en vir die man met die gebrekkige hand gesê: ‘Staan op en kom staan hier in die middel.’ En hy het daar kom staan. Toe sê Jesus vir hulle: ‘Nou vra Ek julle: Mag 'n mens op die sabbatdag goed doen of kwaad doen, iemand red of doodmaak?’ Nadat Hy almal rondom Hom aangekyk het, sê Hy vir die man: ‘Steek jou hand uit.’ Hy het dit gedoen, en sy hand was gesond. Maar hulle het rasend van woede geword en onder mekaar geredeneer oor wat hulle Jesus sou aandoen.” (Luk 6:6-11, 1983-vertaling)

2. 'n Vergrootglasperspektief op die verhaal

Die Fariseërs is bekend aan lesers van die Nuwe Testament. Hulle verteenwoordig die groep Jode wat veral besorg was oor die toepassing van die Wet van Moses (Torah, in Hebreeus). Hulle was Joodse gelowiges wat erns gemaak het met dít wat hulle van kindsbeen af as riglyne en rigtingwysers vir die lewe geleer het. Hulle was oortuig alle lewensruimtes, nie net geleenthede by die tempel nie, moes geheilig wees.

Dit was natuurlik nie 'n slegte idee nie. Intendeel, dit is juis wat Jesus aangemoedig het! Daar was egter 'n groot verskil in die manier waarop die Fariseërs en Jesus dit onderskeidelik in praktyk toegepas het. Dit is juis hierdie verskil in praktiese toepassing wat in die verhaal uitspeel.

Een van die gebooië van die Wet – 'n kern aspek van die Jode se godsdiens – maak dit duidelik: Die Sabbat moet heilig gehou word. Die manier waarop die heiligheid van die Sabbat betoon moet word, is dat geen persoon in 'n Joodse huishouding (ouers, kinders, eienaars, slawe, diere en selfs besoekende vreemdelinge) mag werk nie (Eks 20:8-10). Dié dag moet vir die Here afgesonder wees. Op die Sabbatdag het die Jode teruggedink aan die skeppingsverhaal, toe God op die sewende dag gerus het nadat Hy ses dae gewerk het om die skepping tot stand te bring. Daarmee saam was dit 'n dag waarop die Joodse gelowiges kon terugdink aan die Israeliete se bevryding uit die Egiptiese slawerny. Toe hulle slawe was, kon hulle nooit rus nie. Maar as vrymense – deur God bevry van slawerny – was hulle vry om elke sewende dag asem te skep en in God se rus te deel.

Die netelige vraag was wel: Wat presies tel as werk? Wat mag op die Sabbat gedoen word en wat nie? Hierdie vraag het hoofbrekens veroorsaak. Gaandeweg het meer en meer reëls ontstaan. Die vreugde wat die Sabbat veronderstel was om te bring, het 'n wettiese lys geword van moets en moenies, wat vrees by mense ingeboesem het. Die laaste ding wat 'n goeie en getroue Jood wou doen, was om een van die gebooie van die Wet te oortree. En die Fariseërs het seker gemaak alle ander Jode hou hulle by die reëls. Hulle respek vir God se voorskrifte – die letter van die Wet – het hulle mettertyd verblind vir die noodsaak om respek te betoon vir God se geliefdes. Die wettiese Fariseërs het God se hart gemis.

Die verhaal ontbloot hierdie verkeerde perspektief op en toepassing van die Wet deur die Fariseërs. 'n Man met 'n gebrekkige regterhand (waarskynlik sy “werk”-hand!) is in die sinagoge teenwoordig, waar Jesus soos sy gewoonte was, mense geleer het. Dit is 'n Sabbatdag en die Fariseërs hou Jesus fyn dop. Uit ervaring het hulle geleer dat Jesus Hom nie juis aan hulle reëls steur nie. Daarom wag hulle die kans af om Jesus uit te vang. Jesus sien egter deur hulle plan en nooi die man nader. Jesus vra 'n moeilike vraag aan die gehoor: Is die Sabbat bedoel om goed of kwaad te doen, te red of dood te maak? Die stilte onder die gehoor verklap die vanselfsprekende antwoord. Natuurlik moet die goeie gedoen word. Redding is die regte weg. Jesus gaan dan voort en doen presies dit – red die man. Die man steek sy hand uit, op Jesus se versoek, en word genees. Die Fariseërs wil slang vang. Hierdie man, wat beweer Hy is die Seun van die Heilige God van die Sabbat, het geen respek vir God se gebooie nie!

3. Respek, 'n hedendaagse perspektief

Hierdie verhaal roep ooreenkomste met ons eie konteks na vore. Met die beste bedoelings en edelste motiewe vind ons selfs binne geloofsgemeenskappe hoe mense vashaak by respek vir reëls, orde en regulasies, as noodsaaklikheid vir die geloofslawe. Die Bybel is tog duidelik, sal sulke persone aanvoer, dat sekere dinge reg is en ander dinge verkeerd. Ons durf nie, sover ons dit kan verhelp, sondig in die oë van die Here nie. Ons toewyding aan en respek vir die reëls is 'n direkte refleksie van ons toewyding aan en respek vir God, loop die argument. Wie nie hoor nie, moet voel. Ons durf nie oor die skerp grense beweeg nie. Dit is noodsaaklik om by ons beginsels te staan. Mense moet dit eenvoudig verstaan.

Die versoeking van hierdie ingesteldheid – van respek vir iets eerder as vir iemand (of die Iemand agter die iets) – word maklik wettisme. Dit is die slaafse navolging van voorskrifte en reëls, asof gehoorsaamheid daaraan self, redding kan bewerk.

Jesus maak dit egter duidelik, deur sy leringe en uiteindelijke kruisiging, sterwe en opstanding, dat slaafse pogings van moets en moenies van menslike kant af, nie bydra tot ons redding nie. Ons kan nie God se guns wen deur lysies af te merk en selfvoldaan te verkondig nie: Ek het dit reggekry! Die versoeking sou altyd daar wees dat ons respek vir die “gebooie” (watter vorm dit ook al aanneem) ons verblind vir die grootste gebod, die liefdesgebod: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag”, én “jou naaste soos jouself” (Mark 12:30 & 31, 1983-vertaling).

4. Respek vanuit die liefdesperspektief

Die liefdesgesindheid is die maatstaf. Dit is die lewensreël waaraan alle ander rigtingwysers gemeet word. Die opdrag is om God te dien deur met respek, deernis en sorgsaamheid teenoor ander te lewe. Waar ek op enige wyse afbreuk doen aan die Godgegewe waardigheid van ander, toon ek ’n gebrek aan respek – al probeer ek myself oortuig ek volg bloot “die reëls”. As ’n reël of regulasie afbreuk doen aan respek vir my naaste, moet ek myself ernstig afvra: Waarvoor het ek nou respek – vir iets, of vir (I)emand?

Mag die Here deur sy Gees ons seën om elke dag met die nodige wysheid te kan onderskei. Dat ons nie ongeërg sal oorhel na ’n bandelose bestaan waar geen grense geld nie, maar dat ons in nederigheid sal leef en voortdurend vra: As ek sê ek lewe op ’n respekvolle wyse binne die ruimte wat God skep, is my aansprake dan sigbaar in my verhoudings teenoor ander? Of praat ek die taal van klinkende metaal en galmende simbale, waar ek die “ietse” ken, maar min van die “Iemand” wys (1 Kor 13:1)?

5. Gebedstemas

Bid vir respek teenoor almal – bekendes en vreemdelinge.

Bid dat ons dit nie net met die mond sal bely nie, maar ook met hart, hande en voete sal leef.

Bid vir hulle wat leef met vrees vir veroordeling, om watter rede ook al – juis deur gelowiges.

Bid vir die waagmoed deur geloofsgemeenskappe om doelbewus gemeentes en ander ruimtes veilig, respekvol en liefdevol in te rig.

Bid vir wysheid om te onderskei hoe om in gehoorsaamheid aan die Woord van God te leef.

Dag 3: Respek is 'n belangrike aspek van redding

Lukas 7:24-30

1. Skrifgedeelte

“Nadat die boodskappers van Johannes [die Doper] vertrek het, het Jesus met die mense oor Johannes begin praat en gesê: ‘Waarna het julle in die woestyn gaan kyk? Na 'n riet wat deur die wind heen en weer gewaai word? Nee? Maar wat het julle dan uitgegaan om te sien? 'n Man met deftige klere aan? Nee, kyk, dié wat swierige klere dra en in weelde lewe, kry 'n mens in koninklike paleise. Maar wat het julle dan uitgegaan om te sien? 'n Profeet? Ja, Ek verseker julle, nog meer as 'n profeet. Dit is hy van wie daar geskrywe staan: *‘Kyk, Ek stuur my boodskapper voor jou uit; hy sal die pad vir jou regmaak.*’ Ek sê vir julle: ‘Onder die mense op aarde is niemand gebore wat groter as Johannes is nie, en tog is die geringste in die koninkryk van God groter as hy.’ Al die mense, ook die tollenaars, het na hom geluister en was aan die wil van God gehoorsaam. Hulle het hulle met die doop van Johannes laat doop. Net die Fariseërs en die wetgeleerdes het die bedoeling van God verwerp en hulle nie deur Johannes laat doop nie.” (Luk 7:24-30, 1983-vertaling)

2. Wat het die skares verwag om in die woestyn te sien?

Jesus vra die skare of hulle na die woestyn toe gegaan het omdat hulle gedink het hulle daar riete in die wind sou sien wieg. Omdat riete wat in die wind wieg in die woestyn nie 'n natuurlike verskynsel is nie, is dit onwaarskynlik dat hulle om dié rede reise sou onderneem na die woestyn toe. Hulle het dus sekerlik gegaan om vir Johannes te sien. Het hulle gegaan om 'n man in deftige klere te kry? Ook kan dit nie wees nie, want sulke mense kry mens in paleise en nie in die woestyn nie. Wou hulle 'n profeet sien?

Toe sê Jesus dat hulle eintlik iemand wat groter as 'n profeet is, gesien het. Want die persoon wat hulle gesien het, word in die Skrif genoem en hy haal daaruit aan om sy stelling te verduidelik. Hy beskryf Johannes as die grootste van alle mense op aarde, maar tog ondergeskik aan hemelse wesens (“geringste in die koninkryk van God”, 1983-vertaling). Toe hy dit gesê het, het die skare, en selfs die tollenaars, God se regverdigheid erken. Hulle het hulle laat doop deur Johannes. Dis net die Fariseërs en die wetgeleerdes wat hulle nie deur Johannes laat doop het nie, en God se bedoeling met hulle daardeur verwerp het.

3. Die konteks van Jesus se vraag

Lukas 3:16 vertel hoe Johannes preek oor die Een wat ná hom sou kom en wat magtiger as hy is. Die passasie hierbo volg net na die gedeelte waar Johannes se dissipels vir Jesus kom vra het of hy “die Een” is, die Christus wat hulle verwag het (Luk 7:20). Sonder om direk te antwoord, verwys Jesus

hulle na die wonderwerke wat hy gedoen het. Hierdeur verseker hy hulle dat hy definitief die Christus is. As dit dan waar is dat diegene wat Johannes se doop verwerp ook God se plan verwerp, beteken dit dus ook dat diegene wat Jesus verwerp (die Een waarvan Johannes gepraat het) vir God verwerp. Die posisies wat die skare en die Fariseërs in Lukas 7:29 & 30 inneem, is die klimaks van die passasie.

Deur die teks in sy groter konteks te plaas en te bestudeer, kan dit verder belig word. Volgens sommige kenners het die Lukas gemeenskap (d.w.s. die gemeenskap aan wie Lukas en Handeling gerig is) uit beide Jode en nie-Jode bestaan (vgl. Moxnes, 1994:387). Die Joodse owerhede het egter Jode wat saam met nie-Jode aangesit het, uitgesluit uit die Joodse gemeenskap – omdat hulle Joodse etniese identiteit in gevaar sou gestel het (vgl. Esler, 1987:45). Die Fariseërs en wetgeleerdes was die prominentste akteurs in dié sosiale uitsluiting en kan daarom as verteenwoordigers van die owerhede gesien word. Ander mense, soos tollenaars, sondaars, armes, weduwees en siekes, is ook deur die samelewing van daardie tyd gemarginaliseer. Partykeer is hulle selfs onwaardig geag om deel te neem aan die gemeenskap van God. Lukas verwerp hierdie oortuiging en beklemtoon dat niemand verdoem kan word bloot op grond van wie hulle is nie. Deur te beklemtoon dat almal vergiffenis kan ontvang en aan die dreigende toorn kan ontkom, beklee Lukas ook diegene wat geminag word met respek.

Beide Lukas 3 en Markus 1 praat van Johannes wat verkondig dat mense hulle moet bekeer en laat doop ten einde vergiffenis vir hul sonde te ontvang. Beide evangelies verwys na Jesaja (Hfst 40), maar Lukas se aanhaling van Jesaja 40:3-5 sluit ook die uiteinde van die verkondiging in: “En al die mense sal die verlossing sien wat van God kom” (Luk 3:6,1983-vertaling). Deur hierdie teks in te sluit, word die aanvaarding van die ander – wat die owerhede van hulle probeer terughou en hulle wil ontsê – beklemtoon. Lukas 3:8 vertel hoe Johannes die Joodse aanspraak op geregtigheid voor God slegs omdat hulle van Abraham afstam, aanval en negeer. Lukas wys dus hoe Johannes, soos Jesus ook, die waardigheid van elke mens erken.

Vandag se teksgedeelte moet teen hierdie agtergrond gesien word. Dit volg net ná die navraag van Johannes die Doper se dissipels (Luk 7:18-23) wat van Jesus se wonders gehoor het, soos die genesing van die offisier se dienskneg (Luk 7:1-10) en die opwekking van ’n weduwee se seun (Luk 7:11-17). Alhoewel sommige lesers ongemaklik kan voel oor Johannes die Doper se vraag, kan dit ook wees dat hierdie vraag uit sy herkenning van die Messias in hierdie dade spruit. Dit is miskien daarom dat Jesus in sy antwoord hom weer na die dade terug verwys. Die gedeelte wat hierop volg vertel van die kwytskelding van ’n sondige vrou in die teenwoordigheid van ’n Fariseër. Hierdie dade van Jesus bring dus, in lyn met Lukas 3:6, sonder aansien des persoons verlossing.

Behalwe vir die geestelike aspek van verlossing, het dit ook te make met behoeftes van mense soos uitkoms uit fisiese gevaar: siekte, gebreklikheid, besetenheid, dood en 'die Bose'. Jesus se dae bring respek na die uitgeworpenes. Respek beteken ook om erkenning te gee aan dít waartoe iemand in staat is. Uitgeworpenes kan verlos word en erkenning hiervan beteken hulle word gerespekteer. Al hierdie dinge wat Johannes die Doper en Jesus gedoen het, het hulle met die gesag van die Skrif gedoen. Diegene wat hulle verwerp, soos die Fariseërs en die wetgeleerdes wat hulle nie deur Johannes laat doop het nie, verwerp God se plan.

Watter boodskap het hierdie gedeelte vir ons vandag?

4. 'n Boodskap vir ons tyd

Om 'n sinvolle verhouding met God te hê, moet ons die mense wat oor ons pad kom, respekteer. Op 19 Februarie 2016 het die *Times Live* aanlyn berig dat die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie in Januarie vanjaar waargeneem het dat daar 'n verhoogde fokus op en debat oor rassisme in ons land is. Dié waarneming is gemaak vanaf opmerkings deur individue op sosiale media. In 'n kort periode van 45 dae (vanaf 5 Januarie tot 18 Februarie 2016) het die kommissie vanuit al sy provinsiale kantore oor die 200 klagtes wat met rassisme verband hou, ontvang. 'n Mens wonder soms hoekom 'n land waarvan die Christelike bevolking ongeveer 80% uitmaak van die totaal tog steeds kan sukkel met rassisme en minagting van die ander.

Ons moet in 'n herstelde verhouding tot God kom sodat ons samelewing vernuwe kan word. Ons moet ons medemens respekteer. 'n Gebrek aan respek vir ander lê ons verwronge verhouding met God bloot, maar benadeel ook ons verhouding met God. Minagting vir ander beteken dat Jesus se sending en God se plan ook geminag word. Die versoeking om ander mense se vaardighede, kwaliteite, suksesse en nood – dus hul waardigheid as mens – gering te skat, is baie groot in hierdie wêreld. Wat oor die Fariseërs gesê word in Lukas 7:30 behoort 'n waarskuwing te wees oor ons eie verhouding met God.

Mag die Heilige Gees ons roeping as Christene in hierdie Pinkstertyd sterk.

5. Gebedstemas

Bid tot die Here as lede van die gemeenskap van Jesus Christus wat die skeidings tussen Jood en nie-Jood, tussen rykes en armes, tussen slaaf en slawe-eienaar, tussen gesondes en siekes, en tussen man en vrou afgebreek het: help ons om as kerk aktief deel te neem in U sending.

Mag ons altyd daaraan herinner word dat ons identiteit van U, Jesus Christus ons Here, kom sodat ons deelname altyd respekvol teenoor ander sal wees.

Dag 4: Om te luister: gebed as 'n gesprek met God

Markus 9:14-29

1. Deur gebed alleen

“Nadat Jesus huis toe gegaan het, toe hulle alleen was, het sy dissipels Hom gevra: ‘Waarom kon ons die gees nie uitdrywe nie?’ Hy het vir hulle gesê: ‘Hierdie goed kan met niks anders as met gebed uitgedrywe word nie’” (Mark 9:28-29, 1983-vertaling)

Hierdie gebeurtenis waar Jesus 'n seun gesond maak, toon dat hy mag het wat ver bo dié van sy dissipels s'n is, al is hulle vroeër, volgens Markus 6:7, mag gegee om ook onrein geeste uit te dryf. Terwyl die dissipels hier nie daarin slaag om die seun gesond te maak nie, lyk dit asof Jesus dit moeiteloos doen. Jesus merk ook hier op dat sy volgelinge min geloof het. Hierdie verhaal speel af direk na Jesus se verheerliking op die berg wat 'n voorbereiding vir sy opstanding was en ook as 'n getuienis van God se wonderlike mag.

Jesus se opmerking oor sy dissipels se kleingelowigheid wys op die belangrikheid van geloof. Baie volgelinge van Christus vereenselwig hulle ook sterk met die pa se desperate hulpkreet: “Ek glo,”... “Help my in my ongeloof” (Mark 9:24). Vir 'n oomblik lyk dit asof die seun dood is toe die gees uit hom uitgaan, wat die vraag laat ontstaan of die gees gewen het. Maar Jesus wys sy ware krag toe Hy die seun se hand vat en hom ophelp. Die seun lewe en die bese is vernietig. Die verhaal sluit af met Jesus se woorde wat die fokus is van ons oordenking, naamlik dat dit nodig is om te bid. Sommige vertalings sluit ook die praktyk van vas by die verwysing na gebed in. Jesus het gebed dwarsdeur sy aardse bediening gedemonstreer.

2. Watter boodskap is daar vir ons?

Jesus verklaar aan sy dissipels dat dit deur gebed alleen is dat 'n mens krag van God kan kry om die bese uit te dryf. Gebed is die gesprek wat ons met God het wanneer ons Hom prys, wanneer ons danksegging uitspreek, vir ander intree by Hom, wanneer ons Hom smeek of iets vra, asook wanneer ons na Hom luister. Gebed is nooit 'n monoloog nie. Inteendeel, dit is 'n dialoog, want God praat met ons terug. Die enigste manier waarop ons God se stem in gebed kan hoor, is wanneer ons aandagtig luister en fokus op dít wat God wil sê.

Deur in die eerste plek te luister na al die leidrade, die detail van God se Self-openbaring, kan mens sien wat gesien moet word, sê wat nodig is om gesê te word en veral luister wanneer dit nodig is om stil te wees. Dink aan Elia. In Elia se ontmoeting met God word die belangrikheid van stilte beklemtoon. Dit is in loutere stilte dat God se fluistering werklik gehoor en gevolg kan word (1 Kon

19:11-13). Die wonder van hierdie stille kommunikasie van die Een wat die gedreun van donderweer en aardskuddings maak, is verbysterend.

Daar moet erken word dat mens God net sover kan ken as wat menslike vermoëns strek – ’n feit wat beide frustrasie en verligting inhou. Die frustrasie lê daarin dat, wat ons ook al oor God leer deur in gebed te luister, altyd veel kleiner is as God. Die verligting lê in die geleentheid wat daar is om deur ons vermoëns, en deur genade, die kuns van luister te ontwikkel om God te kan ken.

Denise Ackermann het haar eie saligsprekinge aangeteken in haar boek *Surprised by the man on the borrowed donkey: Ordinary blessings*. Een daarvan kan soos volg vertaal word: “Geseënd is hulle wat met onderskeiding luister, want hulle sal ‘die geluid van loutere stilte’ hoor”.

3. Dit is eintlik oor bevryding

Hierdie teks handel ten diepste oor bevryding van die bese. Die dissipels wou ’n rol speel daarin om die seun van die oorheersende gees te bevry, maar het nie verstaan wat hierdie bevryding werklik beteken nie. Jesus se antwoord op hulle beperkinge is eenvoudig: Bid en vas. Luister hoe God openbaar wie Hy werklik is, watter gawes jy gekry het en watter bevrydende rol jy kan speel om mense die waardigheid te gee wat hulle toekom.

In Suid-Afrika sukkel ons met die begrip van versoenende bevryding. Ons hoef nie ver te soek om tekens hiervan te sien nie. Ons sien dit elke keer as ons praat oor die NG Kerkfamilie wat deur Christus, die Bevryder, een is met mekaar. Ons sien dit in die verskillende sosio-ekonomiese klasse binne ons gemeentes. Ons sien dit in ons politiek – regtig oral waar mens kyk.

4. Luister met ’n geestelike oorstuk

Dit blyk dat geen bevoorregte bevry kan word sonder die bevryding van die minderbevoorregte nie, die ryke kan nie bevry word sonder die arme nie, of die vraat sonder die een wat van honger sterf nie, ook nie die een wat skend sonder die een wat geskend word nie – en natuurlik omgekeerd. Daar is stories wat gehoor moet word, wat werklik gehoor moet word met ’n geestelike oor. Ons benodig ’n geestelike oorstuk wat beide die hulpkreet van die ander kan hoor én die ander se waarde kan bevestig, om konstant herinner te word aan menswaardigheid vir almal. Ons kan slegs ons menslike geneigdheid tot meerwaardigheid oorwin deur die genade van Christus, die Een wat gewys het dat liefde en deernis die kenmerk is van God se genade. Gedurige gebed maak ons bewus van God se genade, terwyl ons luister na die Vader se opdrag in Jesus Christus, deur die Heilige Gees.

5. Gebedstemas

Bid vir de vermoë om te luister:

As dissipel van Christus, na God se opdrag, in gesprek met God;

As 'n kerk, verby grense, na mekaar as die beelddraers van God;

As 'n land, verby ras- en taalgrense, na die storie van elke mense se lewe, sodat almal menswaardigheid kan ervaar.

Dag 5: Luister mooi sodat mense Jesus kan vertrou

Markus 5:21-43

1. Jesus is bewus van aanraking

“Hy het rondom Hom gekyk om te sien wie dit gedoen het. Die vrou het geskrik en gestaan en bewe, want sy het besef wat met haar gebeur het. Sy het toe voor Hom op haar knieë kom val en vir Hom haar hele geskiedenis vertel. Daarna sê Hy vir haar: ‘Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede. Wees vir goed van jou kwaal genees!’ Terwyl Jesus nog met die vrou praat, kom daar mense van die raadslid van die sinagoge se huis af en sê vir hom: ‘U dogter het gesterwe. Waarom val u nog ons Leermeester lastig?’ Jesus het egter met die een oor gehoor wat daar gesê word, en Hy sê toe vir die raadslid van die sinagoge: ‘Moet jou nie ontstel nie. Bly maar net glo!’ (Mark 5:32-36, 1983-vertaling)

2. ’n Verhaal binne ’n verhaal

Die verhaal is soos ’n toebroodjie. Dit begin met ’n versoek dat Jesus die siek dogtertjie van Jäirus, ’n Joodse leier, sal besoek. Dit eindig met die verstommende wonderwerk dat Jesus ’n dooie opwek. Volgens die eerste berig was sy net siek. Die laaste berig is egter dat niks meer sal help nie. Sy is dood. Daar is vrees en wanhoop. Tussen die twee ‘snye’ van die toebroodjie tref ons ’n ander verhaal aan. Dis ’n vreemde een. ’n Vrou met ’n chroniese siekte wat enigeen wat haar sou aanraak onrein sou maak, besef dat daar net een uitweg is. Dit is Jesus se helende krag.

Sy word gesond sonder dat Jesus ’n hand op haar lê. Die teendeel is eerder waar. Sy lê haar hand op Jesus. Jesus maak dit egter onmiddellik duidelik dat Hy nie een of ander magiese wonderwerker is nie. Dis deur die geloof wat sy ontdek Jesus is die een wat mag het oor siekte. Hy verseker haar van blywende genesing omdat sy Hom vertrou het. Daar is ’n nou verband tussen die krag wat van Jesus uitgaan en die mens wat Hom vertrou.

Deur hierdie dubbele verhaal plaas Markus nog ’n vergrootglas op Jesus. Wie is Hy? Wat doen Hy? Tipies van Markus word Jesus se gesag voorop gestel. Die doel van die evangelie is dat mense sal erken Jesus is die Seun van God (Mark 1:1). Die Romeinse offisier se belydenis aan die einde van die evangelie (Mark 15:39) maak dit duidelik. God het welbehae in hierdie Seun van Hom (Mark 1:11).

3. Fokus op Jesus se absolute goddelike gesag

Om hierdie doel te bereik, word die dinge wat slegs God kan doen, ook aan Jesus toegeskryf. Dwarsdeur die evangelie tref ons verhale aan wat Jesus se absolute goddelike gesag benadruk. Hy het

die mag om te vergewe, te verlos, mense se siekte te genees, oorwinning oor die natuurkragte te behaal en uiteindelik die dood te oorwin. Op hierdie manier sê Markus aan sy lesers: Jesus is God self. Hy weet alles. Hy weet dat iemand aan Hom geraak het. Hy het die gesag om mense gesond te maak. Hy het die mag om iemand uit die dood op te wek.

Dit is hierdie gesagvolle Christus, die een met mag oor siekte en dood wat sy reis onderbreek om iemand te help. Dit is God self wat omdraai en aandag gee aan iemand wat uiters desperaat is. Hy was haar enigste hoop. Net so is Hy ook die enigste hoop van Jäirus en sy gesin. Dit lyk of alles verlore is toe Jesus talm om te kom, maar omdat Hy die Seun van God is, is dit nie die geval nie. Hy alleen het mag oor lewe en dood.

Net soos die vrou wat Hom vertrou het, roep Jesus hierdie Joodse leier van die sinagoge op om aan te hou glo, al lyk alles hopeloos. Elke leser van hierdie verhaal behoort die oproep te hoor om Jesus, die gesagvolle Seun van God, te vertrou.

4. Wees gereed dat God jou pad mag kruis

Dietrich Bonhoeffer skryf dat ons gereed moet wees om deur God onderbreek te word. God sal telkens ons pad kruis. Hy sal ons planne kanselleer deur mense met aansprake en versoeke op ons pad te stuur. Ons mag hulle verbygaan, maar as ons dit doen, loop ons verby die kruis wat ons pad deurkruis en ons die pad wys om nie ons wil nie, maar God se wil te doen.

Siniese lesers sou die vrou kon beskuldig dat sy die dood van die jong meisie veroorsaak het. Sy het immers Jesus se reis na die siek kind onderbreek. As sy nie so selfsugtig was deur te doen wat sy gedoen het nie, sou Jesus dalk betyds by die kind kon uitkom. Dis egter 'n siniese interpretasie van die gebeure en ook nie die bedoeling van die verhaal nie.

Jesus is in hierdie verhaal die toonbeeld van iemand wat bereid is om onderbreek te word. Daar is 'n dringende saak wat aandag moet kry, naamlik die siekte van 'n kind. Tog maak Hy tyd om te luister na die hele geskiedenis van die vrou met haar chroniese siekte: 'Sy het toe voor Hom op haar knieë kom val en vir Hom haar hele geskiedenis vertel.'

Die vrou in hierdie verhaal kon weens die aard van haar siekte nie openlik vra dat Jesus haar moes help nie. Haar lewe was vol vrees. Wie sou tyd aan haar bestee? Jesus is haastig – so het sy dalk gedink. En toe gee Jesus aan haar die geleentheid om haar verhaal te vertel. Probeer jou voorstel hoe Jäirus hierdie oponthoud moes belewe het in sy haas om by sy kind uit te kom.

God onderbreek ons lewensreis dikwels deur mense wat op ons pad beland. Die medelye van Christus in hierdie verhaal daag ons uit om ons oë en ore mooi oop te maak. Elke mens het 'n verhaal. Soms is daar suksesverhale, maar as ons eerlik is sal ons moet erken daar bestaan meer verhale van stryd, nederlae, vrees, na-die-kant-toe-geskuif-word en gevoelens van waardeloosheid.

Dis hier waar die Here sy mense, sy kerk, roep om mooi te luister, tyd te maak, stil te staan, dringende sake eers te laat staan, sodat stukkende mense gehoor kan word. So baie mense verlang om Jesus aan te raak, om genees te word van die seer wat hulle lewens beset en oorgeneem het. Ons bely dat slegs Jesus dit kan doen. Hy doen dit egter deur ons, sy mense.

Terwyl Jesus na die vrou luister, hoor Hy ook die wanhoop van die mense wat slegste nuus oor Jairus se dogter kom oordra. Hy hou aan luister, selfs al lag die mense Hom uit.

4. Luister is geloof in aksie

Tom Wright skryf tereg dat Jesus nie gekom het om 'n eenman bevrydingsbeweging in 'n revolusionêre sin te wees nie. Hy is ook nie 'n eenman mediese sentrum nie. Maar Hy het weliswaar 'n revolusie begin en God se helende krag gebring. Sy doel was egter heelwat dieper. Hierdie gebeure was net tekens van die ware revolusie wat Jesus deur sy dood en opstanding sou bewerk. Padtekens is belangrik, maar ons moenie dink dit is dié bestemming nie.

Uiteindelik gaan dit nie oor die navolging van Jesus se voorbeeld omdat Hy so mooi geluister en medelye betoon het nie. Jesus weier om enige van hierdie gebeure los te maak van geloof in Hom. Deur hierdie verhaal daag Jesus hierdie vrou, Jairus, die nuusdraers, sy dissipels en elke leser uit. Die uitdaging is dit: is Jesus, die Heer oor sonde, siekte, dood en alle magte die objek van ons geloof?

En as ons as kerk eerlik luister, eerlik die menswaardigheid van elke mens ernstig neem, goed luister en goed sien, soos Jesus, is die uiteindelijke doel eenvoudig om elkeen te help om op hierdie punt te kom waar hulle sal bely: Hy is die Seun van God.

5. Gebedstemas

Bid vir hulle wat voel hulle kan nie hulle pyn deel nie, omdat dit sosiaal onaanvaarbaar is.

Bid dat geloofsgemeenskappe 'n veilige ruimte sal wees waar mense wel die vrymoedigheid sal hê om hulle verhale te vertel.

Bid dat ons omgee en luister mense uiteindelik tot geloof in die Seun van God sal bring, omdat hulle nie net die krag van sy omgee sal beleef nie, maar ook die krag van sy opstanding.

Dag 6: Liefhê

Lukas 7:36-50

1. Die onwelkome gas

Die verhaal is welbekend. Jesus aanvaar 'n uitnodiging om by 'n Fariseër te gaan eet. Slegs mans was volgens die kultuur van die dag teenwoordig. Die gaste het gelê en eet, gestut op die linkerelmoog.

Tydens die ete daag 'n vrou ongenooid op en gaan agter Jesus staan en huil sodat haar tranes op sy voete drup en sy dit dan met haar hare afdroog. Daarna gooi sy reukolie op sy voete uit en salf Jesus se voete. Ons weet niks van haar af nie. Haar naam word ook nie deur Matteus of Markus genoem nie. Volgens Johannes was dit Maria, die suster van Lasarus. Lukas meld net dat sy 'n sondaar was. Deur die eeue is gereeld aanvaar dat sy 'n prostituut was, maar Lukas sê dit nie. Enige mens wat nie getrou by die Wet gehou het nie, is deur die Fariseërs as 'n sondaar beskou.

Mens kan die konsternasie voorstel! 'n Sondige vrou kom ontwrig die plegtige ete eers deur haar teenwoordigheid, en dan met haar emosionele uitbarsting. Sy gaan heeltemal oorboord. Ken sy dan nie haar plek nie? En Jesus, die jong rabbi, is heeltemal gediend daarmee! Hy laat dit alles toe! Dalk is die gerug tog waar dat Hy 'n vraat en 'n wynsuiper is, en ook vriende is met tollenaars en sondaars (Luk 7:34).

Die Fariseër, Simon, is van mening dat Jesus moes geweet het watter soort vrou daar was. Aanraking deur 'n onrein persoon maak die profeet tog ook onrein. Die waarheid is egter dat Jesus maar te goed weet wie en wat die vrou is, net soos Hy ook maar te goed weet wie en wat die Fariseër is, en dat Jesus ook maar te goed weet wie en wat jy en ek is.

Dan vertel Jesus 'n gelykenis wat nogal herinner aan die gelykenis wat Natan aan David vertel het. Die verhaal lei die luisteraar na die antwoord wat die verteller verwag. Hierdie antwoord ontmasker die verborge sonde in die lewe van die luisteraar. Twee mense skuld geld. Die 1983-vertaling verwys na Rand en die 1933-vertaling gebruik die woord “penning” vir die Griekse *denarii*. Een denarius was gelyk aan 'n dag se loon (Matt 20:2). Die een man het dus amper twee maande se salaris geskuld, terwyl die ander byna twee jaar se loon verskuldig was. Die eiser skryf beide se skuld af. Wie sal die eiser dan die meeste liefde bewys, vra Jesus. Simon veronderstel (!!?) dat dit die een is waarvan die meeste skuld afgeskryf is. Hy wil nie 'n reguit antwoord gee nie. Hy staan ontmasker voor Jesus.

2. Sien jy hierdie vrou?

Ja, die Fariseër sien hierdie vrou. Hy sien 'n sondaar, hy sien 'n onaanvaarbare persoon, hy sien iemand buite die wettiese Joodse raamwerk. Hy sien 'n kategorie. Hy sien nie 'n mens nie.

Jesus sien ook hierdie vrou. Hy sien 'n sondaar in nood. Hy sien iemand vir wie God oneindig lief is. Hy sien 'n mens geskape na God se beeld. Hy sien die menswaardigheid van die vrou voor Hom. Hy sien 'n mens wat van liefde oorloop juis omdat Hy haar menswees respekteer. Dan kan Jesus vir haar sê; Jou geloof het jou gered. Jy is 'n nuwe mens. Jy is besig om dié mens te word wat jy in Christus reeds is. Die verhouding tussen jou en God is deur Jesus herstel. Jou verlede is uitgewis. Gaan in God se vrede!

Simon kry nie so 'n positiewe antwoord nie. Hy word daarop gewys dat hy die basiese reëls van ordentlikheid en gasvryheid nie eens nagekom het nie. Daar was geen water om Jesus se voete te was nie, en hy het Jesus ook nie met die gebruikelike broederlike soen verwelkom nie. En ook nie met olie gesalf nie. Hy het geen liefde aan Jesus bewys nie. Trouens, hy het hom eerder in sy gedagtes veroordeel. “Maar hy vir wie min vergewe is, bewys min liefde,” sê Jesus. (Luk 7:47)

In hierdie verhaal sien ons drie aspekte van liefde. Eerstens, die liefde van God Drieëinig vir mense; onvoorwaardelik, inklusief, uitnodigend, vergewend. “Kom na die water, almal wat dors het” (Jes 55:1). Tweedens sien ons die antwoord op hierdie onvoorwaardelike liefde: Wederliefde wat ons aanspoor om alles wat ons het en is aan Hom oor te gee. “Wat ek is, is net genade, wat ek het, is net geleen” (Gebed van Koos du Plessis). Derdens sien ons die ongelukkige keuse van Simon. Selfliefde wat Jesus uitsluit. Eiegeregtigheid wat vir die naaste ook geen plek gee nie. “As niemand jou bemin nie, kan niemand trou versin nie. En skielik is jy vry” (Amanda Strydom). Me, myself and I, 'n lewe net gerig op die self.

3. En nou?

Die verhaal van Jesus en die onwelkome gas bring ons ook voor 'n keuse te staan. Die eerste aspek van liefde staan vas. God het almal lief. Die vraag is dan: Hoe antwoord ek daarop? Soos die vrou? Of soos Simon die Fariseër?

Wat beteken dit as ons uit God se liefde leef? Wat leer ons van hierdie vrou? Ons sien iets van 'n totale oorgawe. Sy is nie bang om 'n gek van haarself te maak nie. God se liefde in haar lewe loop oor. Sy kan dit nie binne hou nie. Dit oorheers haar hele lewe.

Liefde, God se liefde, laat my dink aan parfuum. So lank as die botteltjie in die kas lê, kom dit nie tot sy reg nie. Eers wanneer dit gebruik word, versprei die geur. Dit kan nie teëgehou word nie. Soos 'n studentemaat van my gesê het toe ons tussen 'n groep meisies deur klas toe gestap het: “Dit voel amper of ons deur 'n boord loop.”

Hoe word dit prakties? Wie is my naaste, of anders gestel, wie se naaste is ek? Die kort antwoord is elke mens wat my pad kruis. Wit of swart, gay of straight, oud of jonk, siek of gesond, ryk of arm, mooi of lelik. Elke kollega by die werk, elke kind in my klas, elke klant of kliënt, elke pasiënt, elke taxidrywer, elke motorwag, elke bedelaar, elke student met swart, pers, rooi of wit gesig. Net soos die gebruiker van parfuum nie kan kies wie dit ruik nie, kan ons ook nie kies wie God se liefde deur ons ervaar nie.

En dit alles begin met doodgewone respek. Sien die ander se menswaardigheid raak. Behandel ander soos ons behandel wil word. Kees Waaijman, kenner van Christelike spiritualiteit verwys na die tyd waar ouderdom 'n mens so afgetakel het dat daar min lewe oor is. Dit geld ook vir alle mense wat geen waardigheid meer het anders as in God se oë nie. Mense soos serebraal gestremdes, psigiatrisie pasiënte, ernstige misdadigers, ens. “At such a time only the gaze of God’s unconditional goodness can be strong and durable enough for us to continue to see the dignity of the human person.”

Slegs ons verbondenheid en totale oorgawe aan God gee ons die krag om waarlik 'n naaste vir die ander te wees.

4. Gebedstemas

Ons bid ook vir:

Studente, dat hulle mekaar sal aanvaar;

Mense wat nog so in hulle eie vooroordele vasgevang is dat hulle God se liefde miskyk;

Die moed om waarlik naastes vir ander te wees;

Die bereidheid om kanale vir God se liefde en vrede te wees (St Franciscus van Assisi).

Dag 7: Liefde maak heel en gee hoop – liefde plaas ons terug in die amp

Johannes 21:8-19

1. Inleidende opmerkings

Die gebeure waarvan ons lees in Johannes 21 is reeds in beweging gesit in Hoofstuk 18 vers 15 tot 25 waar Petrus tydens Jesus se verhoor drie keer ontken het dat hy 'n volgeling van Jesus is. Die Sondagmôre van Jesus se opstanding sê 'n engel aan die vroue: “Hy is nie hier nie. Kyk, daar is die plek waar hulle Hom neergelê het. Maar gaan sê vir sy dissipels en in besonder vir Petrus: Hy gaan julle vooruit na Galilea toe” (Mark 16:6-7, 1983-vertaling). Wanneer Petrus hierdie boodskap kry hardloop hy en 'n ander dissipel na die graf toe. Die ander dissipel het vinniger as Petrus gehardloop en eerste by die graf gekom. Toe Petrus ook daar aangekom het, het hy in die graf ingegaan. Toe Jesus talm om te kom, besluit Petrus om saam met ses ander dissipels vis te gaan vang. Toe hulle moeg en teleurgesteld sonder vangs terugkeer, word hulle op die strand deur Jesus ingewag. Die dissipels het Jesus nie dadelik herken nie, maar Hy wou 'n diep gesprek met Petrus oor die liefde voer.

2. Die verrassende kenmerke van hierdie liefde

- **Jesus se liefde is pastoraal gerig.**

Jesus sinspeel met die driemaalige vraag op Petrus se verloëning van Hom. Die vroeë toets eerstens die kwaliteit van Petrus se liefde. Jesus vra of Petrus Hom liefhet “meer as hulle hier”, dus as die ander dissipels. Die vraag kan ook verwys na die ander dinge: die boot, die see, die visnette. Met dié vroeë trek Jesus vir Petrus in binne die ruimte van sy uiterste liefde (vgl. Joh 13:1). Petrus ontvang 'n voorbeeld van pastorale liefde. Die maak van die vuur, bak van die brood en vis, asook die uitnodiging na die ete toe, is bewys van Jesus se liefde. Aan die tafel deel Jesus liefde uit aan iemand wat Hom verloën het. Wat Jesus uitdeel vra Hy nou van Petrus terug. Ook wanneer hy die net vol visse maak, vra Jesus: “Bring van die vis wat julle nou gevang het” (Joh 21:10, 1983-vertaling).

En wat is Petrus se reaksie? Hoe beantwoord hy Jesus se vergewende liefde? Hy roep uit: “Here, U weet alles. U weet dat ek u liefhet!” (Joh 21:17, 1983-vertaling). Met dié driedelige belydenis lê Petrus sy voortvarende houding af, want hy besef Jesus kan déúr hom sien. Betaal Jesus vir Petrus nou in eie munt terug, verloën, eenkant toe gestoot? Volstrek nie. Petrus word in liefde nader getrek, deur Jesus omarm. Jesus kyk met sagte oë na Petrus en sien meer as sy oortredings. Jesus sien die potensiaal om die rots te wees waarop Hy die Kerk wil bou.

Karl Barth het 'n preek gemaak oor hoe die dissipels moes gevoel het oor die gebeure van die naweek; oor hulle besef dat hulle vir Jesus op kritieke punte in die steek gelaat het; hoe hulle Jesus se optrede verkeerd geïnterpreteer het: “Soos 'n trop henneg op 'n stok na 'n donderstorm het hulle daar gesit – of

mooier gestel: soos 'n paar kinders wat nou net hul pa en ma verloor het – of soos 'n troep soldate op vlug na 'n nederlaag. Die ergste wat kon gebeur het, het gebeur: die ander kant het gewen. Jesus was nie meer daar nie” (Vry vertaal, red.)

En dan staan Jesus op die strand. Hy verskyn aan die treurendes om te wys Hy leef. Hy het mos belowe: Ek gáán vir julle wag in Galilea!

- **Jesus se liefde is missionaal gerig.**

Die drievoudige vraag neem Petrus se fokus weg van sy twyfel en sy vissermansbestaan. Nie die vrae is die spilpunt waarom alles draai nie, maar wel die ontmoeting met die opgestane Heer. In sy ontmoeting met Jesus word Petrus 'n gestuurde met 'n evangelie opdrag. Petrus, die deelgenoot van die opstandingswaarheid, sal voortaan die opstandingsgeloof leef. Hy word deelgenoot van God se sending in Jesus Christus.

Die vrae en antwoorde, moet in verband met die maaltyd gelees word. Vers 15 lui die gesprek tussen Jesus en Petrus in met die woorde: “Toe hulle klaar geëet het...” (1983-vertaling). Bethel Müller verstaan die vrae as wekroep tot 'n missionale gerigtheid. Die uitnodiging tot die maaltyd asook die deurtastende gesprek belig die kontraste van twyfel en hoop, van gebrek en oorvloed, van ampsversuim en ampsgetrouheid, van duisternis en lig. Wat sou Petrus se antwoord wees?

Müller oordeel die Here hoor ook in Pinkstertyd soms 'n nee uit die monde van kerkrade en ringe, van sinodale bedieninge, leraars en lidmate. Hulle antwoord: Nee Here, ons evangelisasie fokus nie op die daklooses, die treurendes, die verlore nes, op vroue en kinders wie se gelyke regte ontnem word! Nee, Here, ons liefde kan nie grense oorsteek nie, ons voed nie regtig u kudde soos Pinkstermense behoort te doen nie, ons apostolaat skiet ver te kort by dié van die eerste Pinkster gemeente.

Die Lutheraanse teoloog Helmut Thielicke, sê êrens in 'n preek oor die liefde dat as ons Jesus liefhet, gebeur iets wat ook op menslike vlak parallelle het. Die liefde van en vir Jesus maak my ook besorg oor die nood en geluk van ander mense. Dit wat die ander se hart roer, raak dan ook my hart. Maar voor dit sal gebeur, moet Jesus se liefde op ons oorgaan, moet dit ons behoorlik aansteek. So vloei 'n stroom vanaf die Oorsprong van alle liefde en vergiffenis – die Heiland se geskenke aan almal – af en loop oor jouself, na jou naaste toe. Daarom wou Jesus eers weet of Petrus Hom liefhet. Hierdie stroom word deur die Pinkster Gees moontlik gemaak (Joh 7:38-39)

- **Jesus se liefde herstel stukkende vriendskappe.**

Die Johannesevangelie lê 'n sterk verband tussen liefde en om vriende vir mekaar te wees. In Hoofstuk 15 noem Jesus die dissipels sy vriende. Petrus was vroeër deel van hierdie vriendekring wat die beskermde ruimte gebied het vir almal se menswaardigheid. Dit was 'n vriendekring waarin dissipels die ware vriend Jesus Christus se deugde as maatstaf vir hulle verhoudinge met mekaar beoefen het. Het Petrus se verloëning van Jesus die vriendskap benadeel? Het Petrus dit dalk oorweeg om terug te keer na die visskuite en hom stelselmatig te onttrek uit hierdie vriendskapskring? Hierdie interpretasie was inderdaad 'n moontlike verklaring vir Petrus se optrede. Maar Jesus se drieledige vraagstelling aan Petrus het hom “bedroef” gemaak (Joh 21:17) en hy moes erken dat Jesus alles weet, ook van sy begeerte om weer deel van hierdie intieme vriendekring te wees. Om saam te eet is immers 'n sterk simboliese bevestiging van 'n vriendskapsverhouding. Vriende eet saam met mekaar. Jesus berei 'n maaltyd waar die brood en vis die vriendskapsidentiteit van Petrus met Jesus bevestig.

- **Jesus se liefde bou 'n menswaardige samelewing.**

Jesus se woorde is soos die Skeppende Woord (*Dabar*) van Genesis 1. Jesus kom as die stem en gestalte van dié Skepper-Vader en deurentyd skep Hy met sy stem of woorde 'n bewoonbare samelewing; 'n samelewing waarvoor vele liries raak omdat Hy die lewe in oorfloed laat realiseer (Joh 10:10). Arnold van Ruler skryf iewers van die altyd skeppende krag van opregte liefde. Sulke liefde gee betekenis aan mense, laat hulle voel hulle is kosbaar. Die kerk van Christus word geroep om in gehoorsaamheid aan die skeppende God 'n menswaardige samelewing te help vestig. Deur hierdie skeppende liefde word huurlinge wat nie omgee vir die skape nie, getransformeer tot besorgde herders wat die skape laat wei, voed en oppas (vgl. Joh 10): geestelike herders, politieke herders, besigheidsherders, opvoedingsherders, ens.

3. Gaan leef die liefde

In die lig van die roeping van die kerk van Christus om in gehoorsaamheid aan God 'n menswaardige samelewing te help skep, gee Jürgen Moltmann se uitspraak aan ons rigting vir die praktiese lewe: “Die sosiale instellings, rolle en funksies is middele wat self-vernietiging in die hand kan werk. Die sosiale instellings, rolle en funksies moet dus kreatief en met liefde gevorm word, sodat mense regverdiger, mensliker, meer vredevol en met wedersydse herkenning van menslike waardigheid en vryheid daarbinne kan saamleef... want liefde kyk na die tot dusver onbereikte moontlikhede van die ander en gee dus aan die ander vryheid en veroorloof die ander 'n toekoms deur die herkenning van hierdie moontlikhede” (Vry vertaal, red.)

Ook die Belydenis van Belhar het 'n menswaardige samelewing ten doel, waar opregte vrede onder mense gebring word; die arme en veronregte by die kerk skuiling vind; brood aan die hongeriges

gegee word; weeskinders en weduwees gehelp word; lidmate toegerus word om aan mekaar goed te doen en die reg te seek; treurendes vertroos word; waar die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom.

Hierdie liefdesvlam word deur die Gees van liefde in Pinkster brandend gehou (vgl. Gal 5:22 se vrug).

4. Gebedstemas

Dank en loof die Here vir nog 'n Pinkster.

Bid dat die krag van die Gees oor ons sal kom.

Bid dat die Pinkster Gees lidmate en kerkleiers sensitief sal maak vir die herstel van menswaardigheid.

Bid dat gelowiges in gesonde vriendskappe na mekaar sal luister.

Bid dat kerkrade ingestel sal wees op die vestiging van missionale gemeentes.

Dag 8: Omarmende omgee

Matteus 8:1-4, Markus 1:40-45 & Lukas 5:12-14

1. Daar het 'n melaatse man gekom

“En toe Hy van die berg afkom, het groot menigtes Hom gevolg; en daar het 'n melaatse man gekom en voor Hom neergeval en gesê: ‘Here, as U wil, kan U my reinig.’ Daarop steek Jesus die hand uit en raak hom aan en sê: ‘Ek wil; word gereinig!’ En dadelik is hy van sy melaatsheid gereinig. En Jesus sê vir hom: ‘Pas op dat jy dit aan niemand vertel nie, maar gaan vertoon jou aan die priester en offer die gawe wat Moses voorgeskrywe het, tot 'n getuienis vir hulle.’” (Matt 8:1-4, 1953-vertaling)

2. Die verhaal in konteks

Vir die Joodse gemeenskap in Jesus se tyd was dit ondenkbaar dat iemand wat melaats is tussen sogenaamde gesonde mense sou kom. Wat nog te sê dat so 'n persoon dit sou waag om een van die leermeesters van hulle tyd sommerso in die openbaar te nader en aan te spreek.

Vanweë die persepsies oor onreinheid en die vrees vir dié aansteeklike siekte, moes mense wat aan melaatsheid ly hulle self onttrek aan die daaglikse sosiale omgang met ander. Eintlik is mense wat deur melaatsheid geaffekteer is, deur die gemeenskap uitgestoot uit hulle dorpie uit. Die melaatse mense moes buite die dorp gaan leef totdat hulle gesond geword het, of totdat hulle sou sterf. Mense wat as melaats gediagnoseer is, kon slegs in die gemeenskap terug verwelkom word nadat 'n priester hulle ondersoek en gesond verklaar het. Dit het beteken hulle is weer rein verklaar.

Omdat hulle as onrein beskou is, moes melaatse persone op die buiterande van die dorp hul dae deurbring saam met ander wat soos hulle, ook as onrein en ongewens beskou is. Buite die dorpsgrense was hulle afgesluit van familie en alles wat hulle daaglikse bestaan gekenmerk het. As kulties onrein mense was hulle ook afgesluit van die geloofsgemeenskap. Melaatse mense is uitgesluit van die godsdienstige handeling en rituele wat juis hulle hoop en sin vir die lewe kon versterk.

Die melaatse persoon in dié verhaal moes iewers buite die dorp iets van Jesus gehoor het wat hom genoeg moed laat bymeekaarskraap het om die wêreld van die “reines en die gesondes” - die wêreld wat hom verwerp het, nog 'n maal te trotseer. Hy het kans gesien om die risiko van nog 'n kultiese verwerping te loop, om weereens in die openbaar tot skaamte gemaak te word – uitgeskop te word.

Dit is nie duidelik hoekom hy toegelaat was om so naby aan Jesus te kom nie. Een moontlikheid is dat mense doodeenvoudig net te bang was om aan te steek en daarom sou niemand dit noodwendig waag

om hom fisies aan te raak om hom uit die geselskap te verwyder nie. Want sien, 'n gesonde en rein mens vat mos nie aan 'n melaatse nie. Nee, 'n goeie mens hou hom nie op met mense wat as vuil, sleg en kulties onrein beskou is nie. Jy bly so ver moontlik weg, om nie eens van aanraking te praat nie – 'n algehele taboe. En tog is dit presies wat Jesus doen. Nog voordat die man gesond en rein gemaak is, raak Jesus Hom aan.

3. Fyner perspektiewe in die verhaal

Die melaatse man – 'n uitgeworpene wat nie plek het in die gemeenskap van “reines en gesondes nie”, uitgesluit, afgesluit en eensaam, weg van familie en ander gelowiges – erken Jesus as die verhewe Heer, die Een met die mag oor siekte en gesondheid. Jesus is vir hom die Een wat rein maak en herstel. Interessant dat hierdie “onrein” man nie in die eerste plek begin met sy versoek om reiniging nie, maar eerder voor Jesus neerval en Hom aanbid. Die uitgeworpene vra nie na Jesus se vermoë om hom te genees nie, maar sê in eerder: Ek weet U kan my reinig as U wil. Wil U? Sy behoefte is om rein te word, sodat hy weer sosiaal en godsdienstig ingesluit, én in sy menswees bevestig kan word.

Dan reageer Jesus. Voor Jesus antwoord en die man reinig, raak Jesus die melaatse aan – die onaantasbare. So demonstreer Jesus dat geen wet, godsdienstige ritueel en menslike oortuiging God se wil verdring nie. Niemand val buite God se hart van liefde, deernis, omarming en insluiting nie.

Met die woorde “Ek wil” (Matt 8:3, 1983-vertaling) bevestig Jesus sy roeping en identiteit as die Een wat reinig en bevry. So wys Hy die hart van God. Met die eenvoudige handeling van omarming of aanraking, word die melaatse en onrein mens, nuut en rein gemaak.

Dan stuur Jesus die man na die priester toe om homself te vertoon en 'n offer aan God te bring – “tot 'n getuienis vir hulle” (Matt 8:4, 1933-vertaling). Hiermee sou die wonderwerk bevestig wees, maar dit sou ook aan die getuienis van hierdie man geloofwaardigheid gee.

4. Hoe raak dit ons vandag?

Het ons nie ook vandag mense wat ons eerder iewers heen sou wou stuur sodat hulle teenwoordigheid ons nie tot aanstoot of uitdaging sal wees nie? Wat ons nie sien nie, kan ons mos nie pla nie, mag sommige mense dalk dink. Dink aan diegene wat met MIV/Vigs saamleef, haweloses, verslaafdes, mense met ander seksuele voorkeure, mense wat anders dink en leef, en mense van ander rasse of van ander kulturele en ekonomiese agtergronde. Mense met wie ons tog liever nie wil assosieer nie, maar eerder sou wou uitskuif en wegsteek. Dit staan egter in skrilte kontras met die universele behoefte van

elke mens om aanvaar te word, ingesluit te word, as mens bevestig te word en waarde te hê in lewe en wese.

Jesus daag die praktyke van uitsluiting, uitbuiting en verwerping uit. Jesus opponeer die lewenshouding en argumente wat die deug van Christelike gasvryheid verwerp. Hierdie man se behoefte is om deur Christus gereinig te word. Dit gaan vir hom oor aanvaarding, insluiting, erkenning van sy menswees en sy menswaardigheid. Jesus verstaan dit. Daarom steek Jesus sy hand na die man uit, nog voordat Hy die woord spreek. So bevestig Jesus God se aanvaarding van elke mens in nood en verdrukking – elke onreine wat smag na reiniging. Jesus se aanraking en gebaar van omarming, bevestig God se aanneming van dié man in sy huidige toestand. Dit is 'n aanraking wat reinig, genees en herstel.

Is dit nie waartoe die Here Jesus sy kerk roep nie? Die kerk van die Here Jesus is tog op 'n besondere wyse deel van die bediening van die bevestiging van mense se waardigheid voor God. Die kerk moet saam met Christus staan by mense in nood (Belydenis van Belhar). Hoe dan anders? Word ons nie juis geroep om in alle opsigte soos Christus te wees nie?

Dit is die kerk se roeping om gasvryheid, omgee, versorging en aanvaarding te leef – soos Christus dit gedoen het. Deernisvolle aanraking en omarming gaan nie in die eerste plek om fisiese genesing nie, maar eerder om die verligting van die pyn van verwerping en die herstel van mense se waardigheid. Waar God se hart gewys en geleef word, kom daar bevryding vir mense, sodat hulle as geloofwaardige getuienis van die omarmende liefde en genade van God kan leef.

5. Gebedstemas

Dink na oor wie die mense is met wie ons nie graag te doen wil hê nie, of met wie se omstandighede ons nie graag gekonfronteer wil word nie.

Bid vir ons gesindhede teenoor mense én vir hulle aan wie ons deur ons gedrag pyn veroorsaak.

Bid vir wysheid en maniere om die omarmende liefde van God uit te leef binne ons gemeenskappe.

Bid om die Here se leiding dat die gemeente spesifieke situasies en mense sal raak sien wat hierdie omarmende liefde nodig het.

Bid dat die gemeente die moed sal hê om die voorbeeld van Christus te volg.

Dag 9: Omarming – ter wille van die lewe, herstel en heelmaak van mense

Matteus 9:18-26

1. Om georiënteerd te lewe

Daar is 'n verhaal van 'n eerste eeuse rabbi wat op reis was na Jerusalem. Hy moes deur 'n Romeinse padblokkade gaan. By die blokkade het 'n Romeinse soldaat hom gevra: “Wie is jy en wat maak jy hier?” Die rabbi het nie geantwoord nie en die vraag is aan hom herhaal. Toe antwoord die rabbi: “Hoeveel word jy betaal om te doen waarmee jy besig is?” Na 'n oomblik se aarseling het die soldaat geantwoord: “100 denarii”. Daarop het die rabbi só reageer: “Ek sal jou dubbel die bedrag betaal om elke oggend na my huis toe te kom en my wakker te maak met daardie vraag.”

Vir gelowiges begin die antwoorde op die groot vrae in die lewe meestal by Jesus se kruisiging en opstanding. In daardie deurslaggewende oomblikke word Jesus se liggaam as't ware gebreek om ons heel te maak. In die oomblik van waarheid vloei Jesus se bloed om herstel te bring. Dit is in figuurlike sin die oomblik van Jesus se opstanding wat nuwe lewe bring en die mensdom in hulle verhouding met God versterk. Oral waar Jesus gegaan het, het Hy nuwe lewe gebring, selfs uit die dood. Jesus het sy werk en bediening in Johannes 10:10 só opgesom: “Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed” (1983-vertaling).

Dit gaan vir Jesus oor die lewe, die herstel, die heelmaak van mense. Die kern van die lewe bestaan in die herstel van ons verhouding met God. Jesus herstel ons menswees na God se oorspronklike bedoeling. Hy maak ons vry van sonde en maak die pad oop om 'n vrymoedige verhouding met God te hê. Hy gee lewe in oorvloed. Dit is wie Jesus is!

2. So praat Matteus 9:18-26 ook oor Jesus se bediening

Jesus is besig om met volgelinge van Johannes te gesels. Hulle vra Jesus uit oor die optrede van sy dissipels; waarom hulle nie deel het aan die godsdienstige rituele nie. Dit gaan in die gesprek oor vas as een van die belangrike rituele wat mense moes help om hulle verhouding met God te herstel en te versterk.

Jesus was bewus van die motiewe agter hulle vrae. Hy gebruik allerhande beelde en simbole om hulle gemoed oop te maak vir die nuwe lewe wat Hy bring. Jesus doen dinge doelbewus by 'n bruilof, praat van ou klere wat gelap word en van wynsakke met nuwe wyn. In die middel van een van Jesus se beeldryke preke, daag 'n raadslid van die sinagoge op en word verrassend deel van Jesus se preek. Hy kom staan voor Jesus op sy knieë met die versugting (vers 18): “My dogter het nou net gesterwe, maar kom lê u hand op haar en sy sal weer lewe” (1983-vertaling).

Die raadslid vra nie vir rabbi Jesus om 'n godsdienstige ritueel uit te voer of om 'n teologiese verduideliking van die dood te gee nie. Hy vra selfs nie eens 'n gebed of 'n trooswoord nie. Nee, die raadslid, 'n slim man wat van beter behoort te weet, vra Jesus om lewe te bring!

Op pad na Jäirus se huis gebeur daar nog iets onverwags. 'n Vrou wat lei aan bloedvloeïing, wat haar onrein gemaak het en dus sosiaal verwerplik, bekruip Jesus in skaamte om sy kleed aan te raak. Net daar wys Jesus dat Hy die God is van tweede kanse. Die vrou word in 'n oogwink genees.

Mens wonder wat deur die vrou se kop gegaan het. Het sy regtigwaar gehoop, vertrou, geglo dat Jesus haar kon genees, of was sy net desperaat genoeg na twaalf moeilike jare om 'n kans op nuwe lewe te waag? Sy kom van agter af, steek haar hand uit, en raak bewerig aan Jesus se kleed. Miskien het al die menslike emosies van huiwering en hoop, vrees en verwagting, deur haar gespoel. Dalk was die onuitgesproke vraag op haar lippe: Is alles nou OK? Is ek nou gesond? Gaan dinge nou anders wees?

3. Jesus skep nuwe lewe

Ons weet nie wat alles in haar gemoed geleef het nie, maar ons weet wat Jesus se antwoord was: “Wees gerus, dogter, jou geloof het jou gered” (Matt 9:22, 1983-vertaling).

Jesus verwerp haar nie. Hy verjaag haar nie. Jesus genees die vrou wat sosiaal onaanvaarbaar was en Hy vertrek na Jäirus se huis. Wanneer Jesus by die huis aankom, stap Hy in die koue doodsheid van 'n begrafnis seremonie in. Die atmosfeer was gevul met die leegheid van die dood. Daar is wel mense ..., en musiek ..., maar daar is nie lewe nie.

Daar is ook 'n klomp vreemdelinge in Jäirus se huis; mense wat saam treur oor sy dogter se dood. Die vreemdelinge staan in sterk kontras met Jäirus self, wat 'n merkwaardige ding doen. Jäirus hardloop in die middel van sy dogter se begrafnis seremonie na Jesus toe. Hy draai sy rug op die doodsheid van die roudiens om die Lewe te omhels – met die hoop op lewe! Jäirus toon dieselfde openheid en ontvanklikheid vir Jesus se aanraking as die vrou wat aan bloedvloeïing gelei het.

Jesus doen wat Jesus die beste doen; Hy bring lewe. Jesus reageer teenoor Jäirus net soos Hy op die siek vrou se vrymoedigheid reageer het. Jesus jaag die skare uit die plek uit, met dié woorde: “Gaan weg, want die dogtertjie is nie dood nie, sy slaap net.”

Jesus preek in werklikheid weer oor opstandingslewe! En weer verstaan die mense Hom nie. Hulle lag Jesus selfs uit, want volgens hulle ervaring kom die lewe nie terug waar dit eens uitgedoof is nie.

Maar, daar waar Jesus Christus is, is daar lewe! Menslike verwagting, sekerheid, kennis, geloof, alles word omskep in verrassing en verwondering. Die skare verwag 'n doodsdagnose, maar Jesus gee 'n prognose vir lewe!

4. Ek kán weet wie ek is en wat ek hier maak.

Ons leef in 'n wêreld vol seerkry. Dit is 'n wêreld vol vroue wat siek is, wat seer het, wat verwerp en verag word; 'n wêreld vol siek en sterwende dogtertjies, vol desperate ouers wat soekend en smekend is. Die wonde van ons menswees sien ons op die straathoeke in honger oë. Ons sien dit in klippe wat gegooi word na munisipale geboue en klaskamers, in omgekeerde asblikke voor hospitale en skreeuende graffiti teen stadsmure.

Ek is 'n kind van God. Ek is geroep om Jesus se hande en voete op aarde te wees. Ek word daagliks geroep en uitgedaag om Jesus se bediening voort te sit, om lewe te bring deur verhoudings te herstel, deur hoop te gee, en deur liefde te deel.

As jy Jesus wil volg en in sy voetspore wil loop, moet jy jouself afvra: Wie is die gemarginaliseerdes van vandag? Wie word beskou as “onrein”? Armes? Vrouens? Vigslyers? Gays?

Wie is hulle wat ons so gemaklik uitsluit soos die vrou in die verhaal destyds uitgesluit is? Wie is hulle wat in nood soekend na lewe uitroep na Jesus, soos Jäirus in ons verhaal?

Dit is waar ons as gelowiges geroep word om mense te omarm; randfigure en noodlydendes.

5. Gebedstemas

Hoor dát en hoe, God julle na hiërdie wêreld roep om berigte oor Jesus te versprei.

Stel julle beskikbaar om te vertel dat Jesus desperate omstandighede verander – dat Jesus lewe bring.

Lééf die waarheid dat Jesus gemarginaliseerde mense intrek en insluit – genade betoon.

Bid dat God deur dié boodskap die gemeente/kerk bymekaar mag bring.

Wees bereid én beskikbaar om die berigte oor Jesus in die groter omgewing te versprei.

Dag 10: Pinksterfees: Die Gees van Christus maak ons 'n nuwe, menswaardige gemeenskap

Handelinge 2:1-11

1. Lukas skryf oor alles wat Jesus gedoen en geleer het

Sy se eerste boek, sê Lukas, het hy geskrywe oor alles wat Jesus gedoen en geleer het, van die begin af (Hand 1:1). God het Jesus van Nasaret aan die mense bekend gestel deur die kragtige dae, wonders en tekens wat Hy Jesus by hulle laat doen het (Hand 2:22). God het vooruit bepaal dat Jesus aan hulle uitgelewer sal word, en hulle het Hom “deur heidene aan die kruis laat spyker en Hom doodgemaak. Maar God het Hom van die smarte van die dood verlos en Hom uit die dood laat opstaan. Dit was immers vir die dood onmoontlik om Hom gevange te hou (Hand 2:23-24, 1983-vertaling).

2. Lukas skryf ook in detail oor die Gees van Christus

Lukas se tweede boek skryf hy oor die Gees van hierdie Christus. En dit vertel hy in detail!

Die Grieks wat Lukas in Handeling 2:1 gebruik om te praat oor die spesiale dag van Pinksterfees wat aanbreek, wil aandui dat 'n tyd wat deur God bepaal is, nou gekom het. Op dié dag (die vyftigste dag na Paasfees) was hulle almal op een plek bymekaar. Daar was godsdienstige Jode uit al die nasies onder die son in Jerusalem.

“En skielik was daar 'n geluid uit die hemel soos van 'n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het” (Hand 2:2, 1983-vertaling). Lukas beklemtoon by herhaling dat, wat hier gebeur, deur die Here teweeg gebring is! Die geluid het uit die hémel gekom en het die hele vertrek gevul. Hy gebruik die beeld van 'n geweldige stormwind. Dalk juis omdat die Gees dikwels só verbeeld is! Dalk omdat die Gees soos 'n stormwind waai waar die Gees wil.

“Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het” (Hand 2:3, 1983-vertaling) en ook hiermee wil Lukas wys dat die Here self dit laat gebeur. Volgens N.T. Wright was Lukas se bedoeling om iets nuuts te beskryf, iets wat 'n groot beweging geloods het, soos 'n vloot skepe wat geloods word deur 'n sterk wind wat dit see toe uitdryf, of 'n bosbrand wat deur 'n paar vlammetjies begin is. Lukas wil verduidelik hoe 'n klein groepie bang, verwarde en grootliks ongeleerde manne en vroue so vinnig 'n krag kon ontwikkel waarmee daar dwarsoor die wêreld rekening gehou moes word.

Hulle almal, skryf Lukas, is met die Heilige Gees vervul. En hulle het in ander tale begin praat, soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen. Weer beklemtoon Lukas, wat hier gebeur, is deur die Here teweeg gebring. Dit is die Gees wat hulle vervul, wat hulle toelaat om in hierdie tale te praat. Dit is die Gees wat dit aan hulle gee en hulle lei! En nie net sommige van hulle nie. Hulle álmal het in ander tale begin praat!

En dít is wat die Gees doen: Die Gees ag al hierdie mense! Die Gees heg waarde aan al hierdie mense. Die Gees gebruik al hierdie mense! Die Gees laat hulle almal gehoor word!

3. Die skare reageer op die Gees se werking

“Toe die mense die geluid hoor, het 'n groot skare saamgedrom” (Hand 2:6, 1983-vertaling). Deur wie hulle gehóór word – wíé dit hoor – word uitgespel: “Perse, Mediërs en Elamiete, sowel as die inwoners van Mesopotamië, Judea en Kappadosië, Pontus en die provinsie Asië, Frigië en Pamfilië, Egipte en die dele van Libië om Sirene, mense uit Rome, Jode sowel as heidene wat die Joodse geloof aangeneem het, Kretensers en Arabiere” (Hand 2:9-11, 1983-vertaling). Die mense het elkeen gehoor hoe daar in sy of haar eie taal gepraat word, en het daarom nie geweet hoe hulle dit het nie. Verras en verbaas het hulle gevra: “Hoe hoor elkeen van ons dan sy eie moedertaal?” (Hand 2:8, 1983-vertaling).

En dít is die wonder van die verhaal! Dat te midde van hulle verskille, hulle “die groot dinge wat God gedoen het” (Hand 2:11, 1983-vertaling) verstáán. Dít is die wonder! Die groot dinge wat God gedoen het word verstaan, sonder dat daar met hulle verskille weg gedoen word.

Dit herinner aan wat Michael Welker iewers skryf: “Sonder om die verskeidenheid en kompleksiteit van hulle agtergronde te laat verdwyn, sonder om die uitdrukkings- en verstaansvorme opsy te skuif soos wat dié vorme afgemerk word in verhouding tot ander vorme, vind daar 'n gemeenskaplikheid plaas ten opsigte van ervaring en verstaan. En hierdie verskil tussen die ervaring van meervoudige onbereikbaarheid van ander en van durende andersheid, en onbekendheid, aan die een kant, en van algehele gemeenskaplikheid ten opsigte van die kapasiteit om te verstaan, aan die ander kant – dit is wat werklik dramaties en verstommend is oor die Pinkstergebeure” (Vry vertaal, red.)

4. En dáárom is dít die wonder van die verhaal!

Wat is dit wat maak dat ons in Suid-Afrika mekaar nie hóór nie, nie verstaan nie? Wat is dit wat maak dat ons dínk ons verstaan mekaar, maar dat dit in werklikheid nie die geval is nie? Is diegene reg wat meen verstaan is altyd misverstaan?

Dat hulle wat mekaar nie kán verstaan nie, wat dit moeilik vind om mekaar te verstaan, wat mekaar dikwels nie wíl verstaan nie, dat hulle mekaar begin hoor, dat hulle deur mekaar gehoor word, dat hulle die groot dinge wat God gedoen het verstaan. Dít is die wonder! Dat die groot dinge wat God gedoen het deur hulle verstaan word sonder dat daar met hulle verskille weggedoen word.

En dalk moet ook dít uitgespel word. Dat deur die Gees Noord-Sotho's, Suid-Sotho's, Tswana's, die Sjangaan, Tsongas en Vendas, Zoeloe-, Swazi-, Xhosa- en Ndebele-volke 'n nuwe gemeenskap word. Dat deur die Gees mense van verskillende tale - Afrikaans, Engels, Ndebele, Noord-Sotho, Sotho, Swazi, Tsonga, Tswana, Venda, Xhosa, en Zoeloe – 'n nuwe gemeenskap van Christus word.

En dalk is dit wat die Here vir ons wat deur die Gees deel is van hierdie nuwe gemeenskap van Christus wil sê: Dat ons deur die Gees almal in hierdie land sal hóór, dat almal gehoor sál word, dat ons almal sáám sal leer verstaan wat die groot dinge wat God gedoen het vir ons vandag beteken! Want die Gees van Christus maak ons 'n nuwe, menswaardige gemeenskap.

5. Gebedstemas

Bid dat die Here deur sy Gees ons sal leer dat almal gehoor móét word.

Bid dat die Here deur sy Gees ons sal leer om werklik te hoor wat gesê word.

Bid dat die Here deur sy Gees ons sal leer om mekaar te verstaan.